SELFS 'N SKURK HET 'N VRIEND NODIG!

Lukas 14: 7-14.

Ek lees op die oomblik 'n pragtige boek, "Driving over lemons". Dit speel af in Spanje en dit is die verhaal van hoe die skrywer, 'n Engelsman, 'n stukkie grond in Andalucia, Spanje, gekoop het en hoe hy en sy vrou hulle daar in die platteland gevestig het. Op een stadium is een van die bure, Domingo, besig om hom te help om 'n stootskraper in die hande te kry. Nou praat hulle en oorweeg die verskillende moontlikhede. Domingo vertel van een persoon wat so 'n masjien het, maar hulle moet beslis nie vir hom huur om die werk te doen nie, "want hy is 'n opperste skurk". Soos wat die gesprek vorder praat hulle naderhand weer oor die betrokke man en hierdie keer sê Domingo dat die man sy vriend is. Nou is die Engelsman heeltemal uit die veld geslaan. "Hoe kan jy sê hy is 'n skurk en hom vreeslik sleg sê en dan in dieselfde asem sê hy is jou vriend?", vra hy. En dan antwoord Domingo: "Even crooks need friends, and anyway I like him, crook or no."

Op my bedkassie lê ook die nuwe "Woordwyser", die Bybelleesprogram wat so pas verskyn het as inisiatief van ons sinode (Oos-Transvaal) en wat ons nou vanaf 1Desember in Lukas laat lees.

Oor Lukas sê hulle in die Inleiding, die volgende:

In die evangelie van Lukas hoor en sien randfigure dat daar vir hulle plek is in God se wêreld

- Hieronder tel mense wat hulle met die mees aanstootlike sondes besig gehou het…
- Ook die armes kry 'n besondere plek
- Vroue kry 'n opvallende plek in Jesus se bediening.
- Dit is duidelik dat Lukas ook die belangrikheid van kinders in God se wêreld wil beklemtoon.

- Lukas vertel ook van mense wat ly as gevolg van siekte, deur ander mense verwerp is en hulle wat deur ander as onrein beskou is.

Omtrent op elke bladsy van Lukas tref ons hierdie randfigure aan, maar een van die treffendste illustrasies hiervan is hierdie gelykenis van Jesus in Lukas 14:7-14.

Dit is opvallend hoedat die sit op die "agterste sitplek" beteken dat jy deur die gasheer as "vriend" aangespreek word.

Jesus het snaakse vriende, skurke en sondaars vir vriende. Daarom kan ek en jy ook vanaand hier sit en hierdie maand kersfees vier.

Die vraag waarmee ek wil hê ons vanaand moet huistoegaan is: Maak ons, wat sê dat ons Jesus se dissipels is, ook op dieselfde manier as Jesus vriende? Reik ons ook uit na die randfigure? As ons werklik sy kinders wil wees sal ons toenemend moet toelaat dat hy ons leer en help om ook vir die op die agterste sitplekke te sê "vriend", i.p.v. soos ons gewoond is om te doen, net ons te steur aan die wat die voorste gestoeltes inneem.

"Even crooks need friends". Is ek en jy gewillig om vir die uitgeworpene 'n vriend te wees?

Amen